# Wees voorbereid vir BEURTKRAG

Langdurige beurtkrag het 'n impak op die hele gemeenskap en die ekonomie.

AfriForum

# Wenke om **BEURTKRAG** draagliker te maak

Wanneer daar beurtkrag is, kan die volgende geraak word:

1. kommunikasiestelsels (bv. selfoontorings, selfone of tweerigtingradio's)
2. watervoorsiening (bv. kleinhoewes kan nie water pomp nie)
3. verkeersligte (veroorsaak verkeersknope)
4. winkels, OTM's, banke en vulstasies kan gesluit wees
5. voedsel wat kan bederf
6. mediese toerusting wat moontlik nie gebruik kan word nie

AfriForum

# Wat om VOOR beurtkrag te doen

1. Beplanning is belangrik. Bly dus op hoogte van die beurtkragskedule en beplan daarom, byvoorbeeld wanneer jy kos moet kook of jou strykwerk moet afgehandel.
2. Maak 'n lys van items waarvan jy afhanklik mag wees tydens beurtkrag.
3. Beplan vir 'n alternatiewe elektrisiteitsbron of batterye vir wanneer dit beurtkrag is.
4. 'n Kragopwekker kan ingespan word, maar plaas dit slegs buite die huis en nie naby enige huisvensters nie.
5. Ontkoppel of skakel huishoudelike of elektroniese apparate af om enige skade te verhoed.
6. Indien medisyne koud gehou moet word, moet jy 'n alternatiewe manier bedink, soos byvoorbeeld 'n koelhouer met ys.
7. Indien jy op 'n kleinhoewe woon, maak seker dat jou watertenk vol is en probeer om die watertenk vol te hou. Indien dit moontlik is, hou 'n bykomende watertenk vol water.
8. Vir die binnekant van die huis kan jy gloeilampe met ingeboude batterye aanskaf wat skyn wanneer die krag af is.
9. Vervang buiteligte met ligte wat met sonkrag werk.
10. Hou jou voertuie se brandstoftenks vol.

**Mediese behoeftes**

1. Verseker dat alle mediese toestelle op batterykrag kan funksioneer.
2. Vind uit hoe lank elke mediese toestel op batterykrag kan werk.
3. Vind uit hoe lank verkoelde medikasie teen 'n hoër temperatuur geberg kan word.

**Voedselberging**

1. Hou voldoende niebederfbare produkte en water in die huis.
2. Hou ys- en vrieskaste toe. Dit behoort voedsel vir 4 ure koud te hou.
3. 'n Vol vrieskas kan tot 48 uur lank koud bly.
4. Gebruik koelhouers en ys indien nodig.

AfriForum

# Wat om TYDENS beurtkrag te doen

Wanneer daar beurtkrag is,
kan jy die volgende doen:

1. Gee vir elke persoon in die huisgesin 'n flits met ekstra batterye.
2. Verseker dat die tweerigtingradio('s) gelaai is en ekstra vol gelaaide battery het.
3. Verseker dat jou selfoon gelaai is.
4. Hou alle yskas- en vrieskasdeure toe en moenie die deure onnodig oopmaak nie. Dit behoort voedsel tot vier ure lank koel te hou.
5. Koop 'n transistorradio wat met batterye werk om op hoogte te bly van onder meer die nuus en enige ander aankondigings.
6. Maak seker dat alle gasapparate ná gebruik toegedraai is.
7. Behou kontak met jou bure, veral as hul bejaard is.
8. Wanneer jy kerse gebruik, moet jy verseker dat dit nie kan omval nie en ook nie naby brandbare materiaal staan nie. Moenie kerse alleen laat nie – veral nie alleen in die teenwoordigheid van kinders nie.
9. Ry addisionele patrollies om jou buurt veilig te hou.
10. Verminder gesprekke op die radio sodat dit in geval van nood gebruik kan word.
11. Verseker dat die herhaler voldoende batterykrag het.

AfriForum

# Wat om NÁ beurtkrag te doen

1. Maak seker dat die voedsel in die die ys- en vrieskaste onbederf is. Indien jy onseker is, gooi dit eerder weg.

2. Maak seker dat verkoelde medikasie nog gebruik kan word. Maak seker wat op die voubiljet staan.

3. Skakel al die huishoudelike toerusting weer aan.

4. Blaas die kerse dood sodra die krag aankom.

AfriForum